Blokraai -PRET

Maklik om uit te druk!

saamgestel uit vandag se koerante

28 Junie 2020

DIE BURGER Beeld Volksblad Rapport

Blokraai 428

Twee kanse om R500 te wen

Versteek in die sirkels, afwaarts gespel, is 'n ander woord vir 'n alliansie. SMS die woord BLOK gevolg deur jou antwoord na 34581.
Die lyn sluit op 4 Julie om 12:00, en elke SMS kos R1,50. Gratis SMS'e geld nie, en foutiewe SMS'e word verreken.
Die wenner word op 5 Julie aangekondig.



Naam..... Tel..... Faks of e-pos.....

Stuur jou inskrywing na pretblad.weekliks@rapport.co.za

Blokmakierie

In die geel blokkies is 'n koddige sin versteek wat op die rooster sal verskyn nadat jy die Blokmakierie korrek voltooi het (jy lees die sin van bo af ondertoe).

Dwars

1. Daktilologie
7. Wie op sulke kole sit, kan skaars sy onrus of ongeduld beteuel
11. Musiekstuk vir twee
12. Olievet
13. Eiland (afk.)
14. Val dié verdriet jou ten deel van agter af?
15. Amptelike taal van El Salvador, Kuba en Venezuela, onder meer
18. Hy is 'n egoïs wat net aan . . . en sy eie belange dink
19. Reieragtige voël
20. Grondslag
23. Skeptici doen dit gedurig aan alles
26. Lang vis wat lyk of hy jou kan pik?
27. Kondisie
29. Hulle wat na hul asem snak, soos die onfikses ná 'n strawwe wedloop
31. Primate, maar nie die mens nie
32. Sekere mense sê blykbaar dit en amen op alles
33. Sy land se hoofstad is Luanda
35. Belasting op sekere goedere wat plaaslik vervaardig word, teenoor doeane (wat belasting op in- en uitvoergoedere is)
37. Eerste manlike voorsaat van 'n familie
41. Dynserig
43. Hou in krieket wat die bal vry deur die lug oor die grenslyn laat trek
44. Lang, dun stroke van iets groters
45. Toestand vir 'n egpaar wat geen seuns of dogters het nie

Af

1. Geslote en gebalde hand
2. Met mag en mening in die hande probeer kry
3. In Genesis word vertel van Adam en Eva wat in die tuin van . . . gewoon het
4. 'n Bergstroompie doen dit saggies, ook blare in die wind
5. Belasting op die deurgang van voertuie by hekke oor 'n pad
6. Lam en vakerig
7. Volledige, nie net gedeeltelike nie
8. Die spreekwoordelike jakkals wat sy eie stert prys, is iemand wat sy . . . besing (3, 3)
9. Wyfiehond
10. Iemand wat sonder dit is, hou eenvoudig nooit op nie
16. 'n Prefiks vir fiks
17. Vals naam, gewoonlik deur 'n skelm gebruik
18. Ontvang- en feessaal van 'n paleis
20. Betreffende Batavia, soos die Indonesiese hoofstad Djakarta ten tyde van Nederlandse koloniale bewind genoem is
21. Ou naam van 'n Suid-Afrikaanse provinsie
22. Kante van jou kop by jou oë
24. Lake . . . is 'n droë soutmeer in Wes-Australië, naby Wiluna
25. Vorige eienaar van die stuk grond met die Makpelagrot waar Abraham sy vrou Sara begrawe het (Genesis 23)
28. Wisselvorm van negende
29. Stewige, gebuigde ding waaraan jy iets kan ophang
30. Het verstaan, byvoorbeeld 'n grap
34. Grootmoeder
36. Kwinkslae
38. Vragmotor of goederewa
39. Spille
40. Die onager is 'n wilde een
41. Begeerte wat sy beentjie in 'n hoender het
42. Oorwinning



Juniorblokraai

Kompetisie

Het jy die junior blokraai geniet? Stuur vir ons 'n selfoonfoto van jou met jou voltooide blokraai (sowel as jou naam en jou ouderdom) na pretblad.weekliks@rapport.co.za en jy kan 'n kontantprys van R250 wen. Die antwoorde van jou blokraai hoef nie alles sigbaar te wees nie.

Woordslim met die WAT

Wat beteken nutasie?

(a) groeibeweging by plante
(b) bewerrot
(c) aantekening

Vrasvra

1. Watter planeet se twee mane het die Amerikaanse sterrekundige Asaph Hall in 1877 ontdek?
   (a) Mercurius; (b) Venus; (c) Mars; (d) Jupiter.
2. Op watter Italiaanse eiland is die beroemde Blou Grot, wat toeriste by laagwater kan besoek?
   (a) Capri; (b) Sisilië; (c) Korsika; (d) Sardinië.
3. Op watter eiland is Kaalkoppie, Suid-Afrika se enigste aktiewe vulkaan?
   (a) St. Helena; (b) Robbeneiland; (c) Gougheiland; (d) Marioneiland.
4. Wat is die bekende naam vab die Europese seestraat wat die Romeine Gallicum Fretum genoem het? Straat van . . .
   (a) Dover; (b) Gibraltar; (c) Denemarke; (d) Sisilië.
5. Die Griekse alfabet begin by die letter alfa en eindig by die letter omega. Hoeveel letters is tussen alfa en omega?
   (a) 20; (b) 21; (c) 22; (d) 24.
6. In watter groot see lê die Tirrheense, die Adriatiese, die Ioniese, die Liguriese, die Egeïese en die Levantynse See?
7. Die afbeelding van watter figuur in die VSA se geskiedenis verskyn op die $100-banknoot?
   (a) Grover Cleveland; (b) George Washington; (c) John F. Kennedy; (d) Benjamin Franklin.
8. Tussen watter twee lande lê die Straat van Denemarke?
   (a) Ysland en Skotland; (b) Groenland en Ysland; (c) Denemarke en Duitsland; (d) Denemarke en Swede.
9. Wat beteken die Latynse woord cave wanneer dit in 'n waarskuwing voorkom?
   (a) Gaan weg!; (b) Stop!; (c) Kom hier!; (d) Pas op!.
10. Watter klein Europese prinsdom se volkslied word gesing op die wysie van die Britse volkslied, "God Save the Queen"?
    (a) Monaco; (b) Liechtenstein; (c) Vatikaanstad; (d) Andorra.

Sudoku

Maklik

						1		
	5		3					
1	8		9	4	5	2		6
			8			6		
9		1				8	2	
	7	2	6	9		3		1
	2					4	6	
			4		7	5	1	
4		3		2		7	8	

Moeilik

	2	8			7			
6								5
			3		2			1
							1	
		3		7				4
	6		4					
4	9		6					
	3			2		9		
					8		7	

Jongspan

WOORDSKOMMEL

Kyk na die prentjies en skommel die woorde reg.

rebe	
rdpe	
nede	
glsna	
smiu	
ilu	
rvak	
elue	
asha	
brsae	
apdad	
orb	

Snuffels

Oplossings

Blokmakierie

Versteekte sin: Gert het aan homself begin twyfel toe hy lees sy stamvader was kinderloos.
Dwars: 1. Vingertaal, 7. Hete, 11. Duo, 12. Oleïen, 13. Eil., 14. Leed, 15. Spaans, 18. Homself, 19. Ral, 20. Beginsel, 23. Twyfel, 26. Aal, 27. Toestand, 29. Hygers, 31. Ape, 32. Ja, 33. Angolees, 35. Aksyns, 37. Stamvader, 41. Wasig, 43. Ses, 44. Repe, 45. Kinderloosheid.
Af: 1. Vuis, 2. Najaag, 3. Eden, 4. Ruis, 5. Tol, 6. Loom, 7. Hele, 8. Eie lof, 9. Teef, 10. End, 16. Pre, 17. Alias, 18. Hal, 20. Bataafs, 21. Natal, 22. Slape, 24. Way, 25. Efron, 28. Neënde, 29. Haak, 30. Gesnap, 34. Ouma, 36. Sêgoed, 38. Trok, 39. Asse, 40. Esel, 41. Wens, 42. Sege.

Blokraai [424 31 Mei]

Juniorblokraai

Vasvra

1. (c) Mars se twee mane, Phobos en Deimos (wat "vrees" en "verskrikking" beteken), is vernoem na 'n tweeling in die Griekse mitologie wat aan veldslae deelgeneem het saam met hul pa, die oorlogsgod Ares (Mars in die Romeinse mitologie). Phobos se naam leef voort in die woord fobie, 'n onredelike vrees vir iets.
2. (a) Capri is 'n klein eiland in die Golf van Napels, naby Italië se Sorrentoskiereiland. Die Blou Grot op Capri is gedeeltelik onder water, en toeriste kan dit net met laagwater besoek. Die eiland het ook ruïnes van geboue wat die Romeinse keisers Augustus en Tiberius laat oprig het.
3. (d) Marioneiland is sowat 1 930 km suidoos van Kaapstad. Die vulkaan Kaalkoppie, op die eiland se weskus, is omtrent 300 m hoog en het twee kraters. Dit was lank bekend dat Marioneiland van vulkaniese oorsprong is, maar Kaalkoppie het eers in Desember 1980 weer aktief begin word.
4. (a) Die Straat van Dover, in Frans bekend as die Pas de Calais, lê tussen Dover in Engeland en die Franse dorp Calais. Dit is tussen 30 en 40 km breed en tussen 35 tot 55 m diep. Hierdie seestraat het vermoedelik ontstaan in riviervalleie tussen die noordweste van Engeland en die suidooste van Frankryk. Die Eurotonnel, tussen Brittanje en Frankryk, loop onder die Straat van Dover deur.
5. (c) 22. Grieks, 'n Indo-Europese taal, het van die laat negende of die vroeë agtste eeu uit die vroeëre Fenisiese alfabet ontwikkel. Die Griekse taal het mettertyd ontwikkel van klassieke Grieks en die koine-Grieks van die Nuwe Testament tot by moderne Grieks. Die woord alfabet kom van alfa en beta, die Griekse alfabet se eerste twee letters.
6. Die Middellandse of Mediterreense See – tussen Europa, Asië en Afrika – is byna 4 000 km lank en gemiddeld 800 km breed. Dit is deel van die Atlantiese Oseaan. Die Suezkanaal verbind dit met die Rooisee, wat 'n deel van die Indiese Oseaan is.
7. (d) Benjamin Franklin (1706–1790), seun van 'n kersmaker uit Engeland, was 'n filosoof, uitvinder, koeranteienaar en politikus. Hy het die eerste buurtwag en die eerste openbare biblioteek gestig (1731) en was bekend vir sy wetenskaplike eksperimente. Hy was nie 'n president van die VSA nie, maar 'n lid van die komitee wat die VSA se onafhanklikheidsverklaring moes opstel. Sy handtekening verskyn ook op die oorspronklike dokument.
8. (b) Groenland en Ysland. Die Straat van Denemarke lê in die Noord-Atlantiese Oseaan, ver van die land waarna dit vernoem is. Groenland, wat onder Deense beheer is, is meer as 500 maal groter as Denemarke. 'n Yskap bedek omtrent 85% van Groenland se oppervlakte.
9. (d) Pas op! Die woord cave kom voor in die uitdrukkings Cave canem ("Pas op vir die hond") en Cave quid dicis, quando, et cui ("Pas op wat jy sê, wanneer jy dit sê en vir wie jy dit sê.") Die woorde caveat emptor waarsku 'n koper om versigtig te wees voordat hy iets koop. Caveat actor beteken "laat die doener versigtig wees".
10. (b) Liechtenstein se volkslied, "Oben am jungen Rhein" ("Hoog aan die jong Ryn") word op die wysie van "God Save the Queen" gesing. Dié bergagtige landjie tussen Oostenryk en Switserland het 'n oppervlakte van 160 km2 en is Europa se vierde kleinste land, ná die Vatikaanstad, Monaco en San Marino. Die staatshoof, prins Hans-Adam II, het sy pa, Franz Joseph II, in 1989 opgevolg. Laasgenoemde het sedert 1938 geregeer. Liechtenstein is die kleinste land wat aan twee ander lande grens, en dit is een van net twee lande wat dubbeld landgebonde is (dit grens net aan ander landgebonde lande). Die ander dubbeld landgebonde land is Oesbekistan, wat aan vyf landgebonde lande grens.

Woordslim

(a) groeibeweging by plante
Die woord nutasie verwys na die spontane spiraalvormige groeibeweging van die groeipunte van jong plantdele terwyl hulle verleng. (WAT)

Sudoku

Maklik

3	4	9	2	6	8	1	7	5
2	5	6	3	7	1	9	4	8
1	8	7	9	4	5	2	3	6
5	3	4	8	1	2	6	9	7
9	6	1	7	5	3	8	2	4
8	7	2	6	9	4	3	5	1
7	2	5	1	8	9	4	6	3
6	9	8	4	3	7	5	1	2
4	1	3	5	2	6	7	8	9

Moeilik

3	2	8	1	5	7	4	6	9
6	7	1	8	9	4	2	3	5
9	5	4	3	6	2	7	8	1
7	4	9	5	8	6	3	1	2
1	8	3	2	7	9	6	5	4
5	6	2	4	1	3	8	9	7
4	9	7	6	3	5	1	2	8
8	3	5	7	2	1	9	4	6
2	1	6	9	4	8	5	7	3